## BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Almal word hartlik uitgenooi na die byeenkoms van die Berg-en-Seeklub op **Donderdag 7 April** om **10:00** in die **kerksaal**.
Die spreker is die ouditeur Anton Anthonissen en sy onderwerp: Belasting op boedels, testamente ens.
Dit beloof om 'n baie insiggewende praatjie te wees. Ds. Johan van Niekerk sal die Skriflesing en gebed waarneem.
Ons drink ook weer voor die byeenkoms om 09:30 saam tee en geniet verversings in die kerksaal.
Almal is hartlik welkom!

## Helderberg Babas

Op Sondag, 20 Maart het ons die voorreg gehad om vir Werner en Tania Schultz in ons gemeente te verwelkom wat oor die Helderberg Babaprojek gesels het.
Dankie dat ons die vrymoedigheid kan neem om ons Omgee-gemeente te nader om by hierdie kosbare projek betrokke te raak. Ons kan met dankbaarheid sê dat daar reeds van ons gemeentelede is wat hul dienste aangebied het om hulp met die babas se versorging te verleen.
Die "wenslysie" en grootste behoefte is tans vir die volgende:
Sunlight opwasmiddel vir die babas se bottels.
Vir die persone wat help met die 24 uur versorging van die babas word rooibostee, suiker, volroom langlewe melk, beskuit en sneesdoekies benodig. Finansiële bydraes is altyd welkom en kan saam met die "wenslysie" produkte by die kerkkantoor afgegee word.
Dankie by voorbaat vir die gemeente se volgehoue gebede en ondersteuning.

Indien u enige verdere inligting verlang skakel gerus met Tania Schultz by 084 717 0660 of Annemarié Hollenbach by 082 784 8841

# Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

**Géén kategese tot 3 April 2022.**
**Volgende geleentheid: 10 April 2022**
**Junior kategese: 10 Apr: Gesinsdiens**